

Woensdag 23 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 2:1-13

Fokusgedeelte: Jakobus 2:1

Die moet en moenie van oordeel

“Moenie oordeel nie!” Dit klink vroom, maar is onbybels: Christene moet oor almal en alles oordeel (1 Kor. 2:15). In hulle persoonlike lewens, en natuurlik ook in die kerk se lewe, verhoudings en praktyk.

Die uitdaging is egter om reg te oordeel: nie die uiterlike nie, maar in ooreenstemming met ons “... geloof in ons Here Jesus Christus, die Here van heerlikheid”. Die “wêreld” oor-deel volgens die “uiterlike”: voorkoms, besittings, status. Daarvolgens is “idols”, “celebs” en rykes suksesse, maak aanspraak op en kry voorste sitplekke, terwyl nie-rykes en nie-beroemdes, stille “agter-die-skerm”-werkers in God se koninkryk skaars ’n staan- of sitplekkie gegun word.

Maar “die Here van die heerlikheid” sê afhanklikes van God, sagmoediges, treurendes, barmhartiges, vredemakers, vervolgdes (Matt. 5:1-9) en kinderlikes (Luk. 18:16, 17) is eintlik die “suksesvolles”!

Jakobus se lesers het in hulle “vorige lewe” voorspoed en sukses beskou as bewyse van hulle gode se guns – en nou blyk dit dat daardie opvatting in hulle “nuwe lewe” as lede van die Liggaaam van Christus in hulle waardes en praktyk ’n bedreiging vorm. Hulle moet “oorskakel” na die “koninklike wet” in hulle beoordeling: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

Is ons altyd bewus van hierdie bedreiging? Dis so maklik om in die kerk en in ons harte steeds oor onsself en mense volgens die “uiterlike” te oordeel in plaas van volgens ons “... geloof in ons Here Jesus Christus, die Here van heerlikheid ...” Mense met die regte ge-loof moet dus oordeel – maar hulle moet oefen om reg te oordeel!

Sing: Skrifberyming 11-3:1, 3, 7, 9

Ds. DC (Chris) Coetsee (Emeritus)